

Gereformeerde Kerk Bellville – 25 September 2016 – Aand

Sing vooraf staande: Skrifberyming 1-1:1, 7 (24:1, 7)

- 1 Geseënd sy bo alle dinge / die eewge God en Vader! Hy
het in die hemel seëninge / vir ons in Christus toeberei.
Na die besluit, uit Hom gebore / en ewig in sy wese vas,
het Hy in Christus ons verkore / voordat daar tyd of wêreld was.
- 7 Ons sal, in lewe en in sterwe, / Gods eiendom vir altyd wees;
ons sal wat Hy beloof het, erwe, / verseël deur die Heil'ge Gees.
Hy is die waarborg ons gegewe, / die eerst'ling van die volle som;
ons sal die reddingsdag belewe – / die gloriëdag van God, wat kom.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 145:1, 2, 3 (p. 696)

- 1 U Naam, o HEER, so hoog in heerlijkheid, / wil ek verhef vir ewig en altyd;
u Koningseer wat alle krone oorstraal, / wil ek verhoog in onvermoeide taal.
- 2 Die HEER is groot, daar is geen sanggeluid / wat ooit sy lof in volle waarde uit!
Dit is 'n see waar niemand in kan meet, / dit is 'n vloed waar ons geen grond van weet.
- 3 Omdat, o God, in dié geheimenis / vir ons vernuf geen grond of einde is,
daarom prys ons u wêrk, u dáád van krag, / van kind tot kind, tot in die nageslag.

Gebed

Psalm 33:5, 6 (p. 159)

- 5 Die HEER se woord is skeppingsmagtig / wat lewe uit die dood gebied.
Hy spreek – dit staan daar lewenskragtig, / Hy roep net en dit het geskied.
Nasies en tiranne / smee verniet hul planne / in die vlam van haat.
Hy wat groot van mag is, / weet wat daar bedag is / en verbreek hul raad.
- 6 Die HEER se raad word nooit gekeer nie; / dit sal bestaan in ewigheid.
Teen sy besluit is geen verweer nie; / bestendig duur dit vir altyd.
Salig wie tevore / deur Hom is verkore / as sy erf en lot;
wie so hoog geëer is, / dat dié HEER húl HEER is / en dié God húl God.

Skriflesing: 1 Korintiërs 1:18-31; Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 5, Artikel 15

Kernvers: 1 Korintiërs 1:22-24

Want die Jode vra 'n teken en die Grieke soek wysheid, maar ons verkondig Christus wat gekruisig is, 'n struikelblok vir die Jode en dwaasheid vir die Grieke; maar vir die wat geroep is, Jode sowel as Grieke: Christus, die krag van God en die wysheid van God.
(1 Korintiërs 1:22-24 AFR53)

Dordtse Leerreëls

Hoofstuk 5, Artikel 15

Hierdie leer van die volharding van die ware gelowiges, en die heiliges, en van die sekerheid daarvoor het God tot eer van sy Naam en tot troos van die vromes baie uitvoerig in sy Woord geopenbaar en in die harte van die gelowiges ingeprent. Die sondige natuur verstaan hierdie leer nie, die Satan haat dit, die wêreld bespot dit, onkundiges en

huigelaars misbruik dit en dwaalgeeste bestry dit. Die Bruid van Christus het dit egter altyd as 'n skat van onbereken-bare waarde innig liefgehad en dit volhardend verdedig. God sal sorg dat die kerk dit ook in die toekoms doen. Teen God kan geen beplanning standhou nie, nog minder kan geweld iets teen Hom vermag. Aan hierdie enige God, Vader, Seun en Heilige Gees kom toe eer en heerlijkheid tot in ewigheid. Amen.

'n Verduideliking by artikel 15

Die laaste artikel van ons Dordtse Leerreëls is 'n loflied aan God. Maar dit is nie 'n loflied wat in die stemmige atmosfeer van 'n erediens gesing word nie. Dit is 'n loflied wat in die wêreld gesing word te midde van die haat wat Satan teenoor God het. Die Satan en sy haat is die oorsprong van al die teenstand teen die leer van die volharding en van die sekerheid daarvoor. Maar Satan se haat is nie net teen die leer van die volharding en sekerheid nie. Hy haat die evangelie.

God het 'n sekere aantal mense uitverkies tot die ewige lewe. Die Seun van God het mens geword om hierdie uitverkorenes van die regverdige oordeel van God te verlos aan die kruis. Op die bestemde tyd het die Heilige Gees hierdie mense met die Woord geroep en na God toe teruggelei sodat hulle kan weet en vertrou dat hulle beslis deur Jesus verlos is. Die Heilige Gees het aan hulle geloof gegee sodat hulle kan weet en vertrou dat God deur Jesus Christus se verlossingswerk hulle Vader is. Die Heilige Gees werk aanhoudend met die Woord in die lewens van hierdie mense sodat hulle in die geloof kan volhard. Dit gebeur ook dat hierdie verlostes by tye nog swaar en gruwelik sondig, maar die Heilige Gees lei hulle telkens weer terug na die kruis van Christus sodat hulle in sy bloed om vergifnis smeek en dit verkry. Met hierdie aanhoudende werk van die Heilige Gees word die uitverkorenes ook verseker dat die Here nie met hulle wil en sal opgee nie. Hy sal Homself verheerlik deur hulle heeltemal volmaak te maak en in die ewige koninkryk van God in te bring. Hierdie werk van God die Vader, die Seun en die Heilige Gees is die evangelie wat heerlijk en troosryk in die Woord verkondig word.

Maar hierdie evangelie word deur die Satan met 'n passie gehaat. Hy haat hierdie evangelie omdat al die lof en eer aan God gebring word daardeur, en hy wat die Satan is kan dit nie verdra dat God eer en lof ontvang nie.

God het hierdie leer van die volharding en van die sekerheid oor die volharding tot sy eer en tot troos van die gelowiges in sy Woord verkondig. Hierdie leer staan onuitwisbaar geskryf en niemand en niks kan dit verander nie. Maar hierdie leer staan nie net op papier geskryf nie. Die Heilige Gees prent dit in die harte van gelowiges in. Daarom gebeur dit dat gelowiges hoe langer hoe meer deur die Here self die sekerheid kry van hulle onveranderlike verlossing, heiligmaking en verheerliking.

Die Satan se haat teen hierdie evangelie word ontplooi in die sondige natuur wat hierdie leer nie verstaan nie, die wêreld wat dit bespot, die onkundiges en huigelaars wat dit misbruik en dwaalleraars wat dit bestry.

Maar al is die haat van die Satan teen hierdie leer hoe geweldig, die Bruid van Christus het van die begin af hierdie leer innig lief en verdedig dit volhardend, want hierdie leer is 'n onberekenbare skat. God sal sorg dat sy kerk aanhoudend hierdie leer liefhet en verdedig. Niks sal hierdie werk van God in sy kerk vernietig nie, want geen beplanning kan teen Hom stand hou nie en geen geweld kan iets teen Hom vermag nie. Daarom kom die eer tot in ewigheid aan ons Drie-enige God toe.

Tema: Die evangelie – 'n struikelblok vir die mens, maar die eer van God

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, toe die mensdom in die tuin van Eden in die sonde geval het, het die duiwel 'n groot slag geslaan. Hy het dit reggekry dat die kroon van God se skepping hulle rug op die Here draai om na die duiwel se leuens te luister. Die ou slang het seker op daardie dag gedink dat hy die Here nou lekker uitoorlé het.

Al twee die mense wat so volmaak en goed geskape was, het in 'n oomblik sondaars en vyande van God geword. Hulle was toe in dieselfde kamp as die duiwel en sy bose engele self – teen God.

Wat die ou slang egter nie geweet het nie, is dat God nie deur die sondeval van die mens onkant gevang is nie. In die ewigheid het God reeds sy verlossingsplan uitgewerk gehad en ook begin uitvoer. Nog voor die skepping het God vir Hom 'n sekere aantal mense uitgekies uit die hele menslike geslag wat uit die eerste twee mense sou afstam. God het Christus ook van ewigheid af tot Middelaar en Hoof van al die uitverkorenes gestel. Die Vader het die uitverkorenes aan Christus gegee om hulle te verlos sodat nie een van hulle verlore sal gaan nie.

Toe die sondeval van die mensdom dus plaasgevind het, was God se verlossingsplan nie net gereed nie; die Here het dit reeds op daardie dag in werking gestel. Die Here het vyandskap gestel tussen die slang en die vrou en tussen die slang se nageslag en die vrou se nageslag. En daarby het die Here die belofte gemaak dat die nageslag van die vrou die slang se kop sal vermorsel, alhoewel die slang hom in die hakskeen sal byt (Gen 3:15).

Van die sondeval van die mens af het God die een oorwinning na die ander oor Satan behaal. Op die bestemde tyd het die belofte van Genesis 3 in Jesus Christus werklikheid geword. Gedurende sy hele lewe op aarde, maar veral aan die kruis, het Christus Satan en die dood oorwin. Satan kon op geen manier keer dat die verlossing van God se uitverkorenes deur Christus volbring word nie. Satan weet dit, hy haat dit en hy wend elke denkbare manier aan om God se eer en heerlijkheid te verkleineer of te roof.

Daarom waarsku die Here sy kerk:

Wees nugter en waaksaam, want julle teëstander, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu, en soek wie hy kan verslind. (1 Petrus 5:8 AFR53)

En op 'n ander plek sê Hy:

Wee die bewoners van die aarde en die see, want die duiwel het na julle neergedaal met groot woede, omdat hy weet dat hy min tyd het. (Openbaring 12:12 AFR53).

Satan is briesend omdat hy weet dat hy 'n oorlog veg wat hy reeds verloor het. Daarom doen hy alles wat hy kan om die eer en heerlijkheid van God te verkleineer of te roof. Hy doen alles wat hy kan om die uitverkorenes van God se troos en sekerheid van God se oorwinning oor hom weg te neem.

Broers, susters en kinders, ons gaan dom wees as ons dink dat die duiwel sy gevegte net daar buite in die wêreld ver weg van die kerk af voer. Daarom sal 'n mens ook naïef wees om te dink dat Paulus in ons Skrifgedeelte maar net Christelike prediking en die Christelike waarheid teenoor die destydse Griekse en Joodse wysheid stel.

Die redenasies en denke wat in die wêreld teenwoordig is, het altyd 'n invloed in die kerk. En hierdie invloed word baie subtiel in die kerk ingedra. Daarom het Paulus hierdie brief aan die Korintiërs geskryf. Daar was lidmate in Korinte wat op hulle eie prestasie begin roem het, want hulle het moedswillig vergeet dat hulle bestaan as Christene nie van hulle prestasies afhang nie maar van God wat hulle geroep het en die feit dat die evangelie die verkondiging van die kruis is.

Gedurende die sestiende en sewentiende eeu het Satan sy gif van wêreldse wysheid en menslike logika oor die verlossing van die mens binne in die Gereformeerde Kerke in Nederland gestrooi. Arminius wat verkondig het dat die verkiesing van die mens afhang van die vrye wil van die mens was predikant in die Gereformeerde Kerk in Amsterdam en later professor in teologie aan die Universiteit van Leiden. Gou-gou het hy 'n groot gevolg gehad wat saam met hom hierdie dwaling geglo en verkondig het in die kerke.

Alhoewel hierdie dwaling by die Sinode van Dordrecht in 1618 en 1619 weerlê is en die gesonde leer in die Dordtse Leerreëls neergeskryf is, beteken dit nie dat die dwaling verdwyn het nie. Ons moet onthou dat die duiwel 'n gewillige handlangster het in die sondige natuur van die mens wanneer dit kom by die haat teen God en die evangelie. Daarom gebeur dit steeds dat daar in die kerk lidmate is wat reken dat hulleself vir die Here kies of self iets moet doen om die Here te beïndruk sodat Hy hulle moet kies.

Van die begin af was dit egter God se wil dat die mens die Here nie deur middel van wêreldse wysheid en menslike logika sou leer ken nie (1 Kor 1:21). Dit gaan dus nie daaroor dat die mens binne sy vermoë moet verstaan wie God is en hoe God te werk gaan sodat die mens op grond van sy kennis van die Here dan kies om in die Here te glo nie. Ons kan maar net dink wat die gevolg van so iets sou wees. Die wat dan kwansuis so tot geloof kom en gered word, sou verseker hulleself hoër en belangriker geag het as mense wat nie kan verstaan en glo nie. Hulle sou reken dat hulle hul verstand en wysheid beter gebruik het as ander mense wat dan nie glo nie.

Hoogmoed is iets wat maar in elke mens teenwoordig is omdat hy homself altyd belangriker wil beskou as iemand anders. Sy hoogmoed word aangevuur deur sy selfsug wat van nature in hom is. Hierdie geestelike hoogmoed is ook by die Jode teenwoordig. Deur die Fariseërs en die skrifgeleerdes se onderrig het die Jode tot die slotsom gekom dat jy die wet moet nakom om gered te word. Daarby het hulle ook nog 'n messias verwag wat anders gelyk het as Jesus die Christus wat mense op aarde kom leer van die koninkryk van God. En na hulle oordeel verkondig Jesus 'n ander leer as wat die skrifgeleerdes hulle geleer het.

Om hierdie rede wou hulle van Jesus 'n teken hê wat vir hulle 'n onteenseglike bewys sou wees dat Hy regtig die Messias is wat moes kom. Jesus het egter geweier om aan hulle 'n teken te gee wat by hulle wysheid inpas. Maar Hy sal wel die teken van Jona aan hulle gee. Soos wat Jona drie dae en drie nagte in die buik van die groot vis was, so sal Jesus ook drie dae en drie nagte in die hart van die aarde wees (Matt 12:40).

Met hierdie woorde het Jesus vir die Jode gesê dat Hy gaan sterf en na drie dae uit die dood sal opstaan. En toe Jesus op die bestemde tyd aan die kruis gehang het, was dit vir die Jode 'n struikelblok en 'n skande. Iemand wat aan 'n kruis of aan 'n houtpaal opgehang is, is iemand wat deur God vervloek is. En met hulle menslike logika maak hulle toe die afleiding dat Jesus nie die Messias – die Gesalfde van God – kan wees nie. God sal mos nie sy Gesalfde vervloek nie.

En toe die teken van Jona bewaarheid word deur Jesus se opstanding uit die dood, kon menslike logika nie meer die waarheid van die evangelie bespotlik maak nie. Daarom het hulle met leuens die waarheid van die evangelie probeer bestry. Later het die Jode met geweld die evangelie probeer onderdruk. Omdat hulle blind was weens hulle sonde kon hulle die wysheid van God nie raaksien nie. Die Jesus wat as 'n vervloekte aan die kruis gehang het, was deur God – in mense se plek – vervloek.

Die Grieke aan die ander kant het die opstanding van Jesus uit die dood as 'n dwaasheid beskou. Vir die Grieke was die liggaam van geen waarde nie behalwe dat dit die voertuig is waarin die siel bly tot en met die mens se dood. Na die dood van die mens is dit net sy siel wat bly voortlewe. Daarom was die opstanding uit die dood vir hulle met hulle wysheid 'n terugkeer na 'n laer vorm van bestaan. Om hierdie rede het die Grieke vir Paulus uitgelag toe hy die evangelie in Athene aan hulle verkondig het.

Die Here laat Hom nie deur menslike geleerdheid ken nie. Die Here word nie deur die mens onder 'n mikroskoop geplaas en ontleed sodat die mens Hom so kan ken en daarom in Hom glo nie. Die Here openbaar Homself aan die mense aan wie Hy Hom wil openbaar. En dan leer die mens die Here nog nie met sy eie wêreldse wysheid ken nie. Slegs aan hulle vir wie Hy die geloof gee, kan die Here leer ken soos en wie Hy is. Hy is die God wat sy genade en regverdigheid in sy Seun Christus aan die mens betoon en deur die geloof ontvang die mens die genade en geregtigheid van Christus uit die hand van die Heilige Gees. Geen wysheid van die mens en geen inspanning van die mens kan enigiets bydra tot sy verlossing nie.

Die Here doen dit geheel en al alleen deur sy Seun Christus. Daarom het God gekies om die gekruisigde Christus aan alle mense te verkondig, want net in sy Naam is verlossing vir die mens moontlik. Die kruis van Jesus Christus stroop die mens van al sy hoogmoed en selfsug. Deur die kruis besef die mens dat hy nie self vir sy verlossing kan werk nie. Alles word uit sy hande weggeneem.

En die enigste manier waarop die mens deel kry aan hierdie verlossing is wanneer hy die Heilige Gees glo wat hom met die Woord leer. Hy glo die Heilige Gees wanneer Hy aan die mens uitwys dat hy 'n sondaar en 'n vyand van God is. Hy glo die Heilige Gees wanneer Hy hom leer dat God regverdig is as Hy die mens se lewe eis as betaling vir die sonde wat hy teen God se heilige majesteit gepleeg het. Hy glo die Heilige Gees wanneer Hy hom leer dat Christus gestuur is om in die mens se plek daardie regverdige straf op die sonde te dra. En wanneer die Heilige Gees die mens in staat stel om deur die geloof hierdie genade en geregtigheid van Christus vir homself toe te eien, beleef hy dat Christus werklik die krag van God is. Hy is verlos. En Satan is nog 'n keer van iemand ontnem wat hy wederregtelik as sy eiendom gesien het.

Hierdie evangelie is die krag van God. Vir die Jode se logika is dit skandelik. Vir die Griekse wysheid is dit dwaasheid. Vir hulle wat gered is – Jode sowel as Grieke – is dit die krag

van God. Die gelowiges hou hierdie evangelie as 'n skat van onberekenbare waarde vas, want hulle lewens is deur hierdie evangelie verseker vir ewig. Satan kan hierdie evangelie maar haat en geweld blaas daarteen soos hy wil, maar dit gaan God geensins keer dat Hy sy plan volledig uitvoer nie. Mag die Heilige Gees hierdie gemeente vashou by hierdie waarheid en aan elke lidmaat die vrymoedigheid gee om hierdie waarheid met woord en daad te verdedig. Aan ons Drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees kom al die eer en heerlikheid toe tot in ewigheid.

Amen!

Slotgebed

Psalm 68:9, 13 (p. 334)

- 9 Geloofd sy God met diep ontsag, / want Hy oorlaai ons dag aan dag / met ryke seëninge.
Wie sou Hom dan nie dank bewys, / die God van saligheid nie prys, / met al die hemelinge?
Dié God van volle saligheid / versterk ons in die dag van stryd / en dra ons deur die lewe.
Hy kan en wil en sal in nood, / selfs as ons sidder vir die dood, / volkome uitkoms gewe.
- 13 Ons prys U, HEER, in sang en lied. / U het u sterkte ons gebied / toe 't nag was, lank gelede;
U het gehoor na ons gebed, / U het ons roemryk uitgered – / o hoor nou weer ons bede!
Dan pas die vorste tot u eer / en om u huis ontwil, o HEER, / eerbiedig op u wenke.
Hul sal U dan van alle kant, / selfs uit die allerverste land, / vereer met hul geskenke.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
25 September 2016